

Droom 2013



As jy na die foto's die kyk, kry jy of hoendervleis, want jy is 'n Dromer en weet wat aan die gebeur is, of jy staar verwonderd na die pogings wat deur gewone Suid –Afrikaners aangepak word. Ons vra nie aan wie of wat jy behoort nie, jy bly 'n Suid Afrikaner en jy moet help om weer trots in ons as nasie aan te wakker.....

Droom se saadjie wat in 2006 hier in Bonnievale geplant was, het ons gevat om steggies te maak, dit is uitgedeel aan elke dorp met dieselfde aspirasies. Vanaf verlede jaar se beskeie begin op die KKNK verhoog, het ons gegroei tot 'n netwerk van 60 dorpe en ons groei nogsteeds. Wat my persoonlik gerusstel, is dat almal nou 'n bydrae lewer om 'n beter toekoms vir ons kinders te verseker. Die Droom moet aan ieder en elk van ons gewone mense soos hierbo opgedra word wat al 'n verskil gemaak het. Dit is waaroor dit als gaan, die Droom is wat jy daarvan maak.

2012 –was vir my persoonlik 'n absolute ongelooflike ervaring met meer as 20 verskillende dorpe wat ek al besoek het op uitnodiging. Wat julle in jul onderskeie dorpe vermag het, met skrapse hulpbronne tot jul beskikking sal enige buitestander in verwondering laat..... en glo my hulle staar verwonderd.

- Daar word tans 'n tesis deur 'n student geskryf oor hoekom die Droom werk in vandag se disfunksionele samelewing.
- 'n Boek is in die pyplyn, oor juis ons mense se wil om 'n beter toekoms te verseker.
- Die Droombeginsel van volwaardige gemeenskapseienaarskap is saam met 'n buitelandse uitreikingsprogram die land uit.
- Die Droomschool wen 'n landwye kompetisie in Namibië.
- Droom is in 60 dorpe, 'n tiende van die land se dorpe, sonder 'n oorhoofse begroting!

Dit is nogstééds sonder die gewilde alledaagse struikelblokke soos, interne hofsake, persoonlike eie gewin, "red tape", leiersstryd, ras, geldvergrype, onderlinge faksies, en nog baie meer.... want jy is die eienaar van jou Droom in jou dorp en hoe jy dit regkry is op jou gegewe. Jy is nie verkies nie, jy het besluit om iets self te doen rakende die situasie in jou dorp en dit gee jou eienaarskap. **Al wat ons vra is net om jou dade en resultate te gebruik om ander weer te oortuig.**

Waaraan ons die sukses kan toeskryf, is vir my nogsteeds ietwat van 'n kopkrap, maar dit moet 'n reaksie wees op ons stand van ons gemeenskapspeil. Ek het die afgelope twee maande met 'n klomp vrae in my kop rondgeleef,.... deels my stilte oor die groot dae. Jy moet ook terugstaan en van 'n afstand kyk waarmee jy besig is, dit help jou om 'n gebalanseerde indruk te skep oor wat jy wil bereik. Dit is waarom ons die idee van 'n Droomsiklus bemoedig, jy moet jouself die geleentheid gun om terug te staan, en soos hulle sê, "stock te vat".

Die Droom e-posse het nie opgehou nie, en net verlede week het Ladismith op die Droomwa geklim, met Montagu wat ook navraag gedoen het.

Dit is eienaardig hoe dinge inmekaar steek. Ek, Tisha en Amore het juis daar in Ladismith op 'n "koffieshop" se stoep vergader, dit was die einde van 2011. Met 'n koppie koffie en 'n sterk pizza het ons gegis oor hoe ons die res van die land kan laat saamdroom.

Ek kan nie aan julle beskryf hoe 'n groot berg dit vir ons was nie, gaan ons naam weggooi, gaan iemand ooit wil saamdroom, hoe gaan ons dit bekostig, gaan die media met dit loop? Ons het net eenvoudig gesê as ons nie waag nie, sal ons nooit weet nie, nou Droom self Ladismith se mense saam, ongelooflik!

Ek wil my weerhou van wie die beste gedoen het in 2012 al het ons gesê ons beplan 'n kompetisie. Die Droom is groter as dit, dit gaan oor elke Dromer se vermoë om in sy omgewing 'n verskil te maak. Sommige mense kan mens mobiliseer ander is weer nie bang om hul hande vuil te maak nie. Die grootste wenner uit die verhaal is as ons almal saam 'n merkbare verskil maak as 'n span, 'n span vir Suid Afrika se toekoms.

Al die navrae wat ek deur die jaar ontvang het, het my maar net weer laat besef dat daar weinig verskil is tussen die onderskeie dorpe en dat die uitdagings oral dieselfde is.

Net sodra die Droom sy merk op 'n dorp gemaak het, het die volgende vraag na my toe deurgekom, "ons ervaar geen samewerking van die Munisipaliteit nie, wat staan ons nou te doen?"

Ek maak gereeld die stelling, die bestuur van ons dorpe is in so 'n toestand want die wat daarvoor verantwoordelik is "**kan dit so doen**", so eenvoudig soos dit.

Die traak- my-nie-agtige houding en apatie jeens ons dorpe se werkinge gee diegene die volste reg om te maak, of nie te maak wat hul wil nie.

Deur te Droom in jul dorp, maak jy eerstens jouself wakker en so ook mededromers en besef jy opeens, wat gaan in my dorp aan, was ek dan in 'n winterslaap?

Jy begin vrae vra, planne maak en dinge doen.

Natuurlik sal jy dan 'n doring in die vlees wees, want hoe meer julle julself bemagtig met die kennis van jou dorpsake en ander bewus maak, hoe meer gaan die druk toeneem..... en hierdie is nie politieke druk nie, hierdie moet gesien word as druk van die hele gemeenskap wat saam staan vir 'n gemeenskaplike doel.

Ek en my mede-inwoners wil trots wees waar ons bly.

Ek praat vanmiddag weer met Amore op RSG om 16H00 oor die uitdagings vir 2013.

Ondersteun asb vir Christo (SADOGOOD) en Beth (DROOMSA FACEBOOK) onderskeidelik om die boodskap so wyd moontlik te versprei en stuur daardie berigte in jul plaaslike koerante. Net deur saam te staan sal ons die land weer op koers kry..... en ons gaan!

Sterkte met ons almal se uitdagings vir 2013.

Groete

Droomspan